**SKRIFLESING:** Matteus 18:1-18
**TEMA:** Is ons kinderlik of kinderagtig?

Die dissipels was kinderagtig. Hulle het, waarskynlik vanuit hulle verbintenis met Jesus, gedink dat van hulle die belangrikste posisies in sy koninkryk gaan inneem. Jesus maak dit vir hulle baie duidelik dat in sy koninkryk dinge anders werk as in die wêreld.

‘n Kindjie hier dui op 'n kind onder twaalf jaar oud. In Jesus se tyd was ‘n kind verseker nie die middelpunt van belangstelling nie. Daar is nie veel van ‘n kind verwag nie. ‘n Kind is nie gesien of gehoor nie.

Die Joodse godsdienstige leiers het geleer: "‘n Belangrike en wyse man hou hom nie op met kinders en kinders se praatjies nie. Oggendslapies, wyn in die middel van die dag, onkundige mense en kinders se geselsies is nie vir manne bedoel nie, dit verban jou uit die wêreld van goeie geselskap."

Vir God het is kinders so kosbaar dat hulle engele gedurig by Hom is. Dan is dit mos net logies dat kinders altyd tot ons toegang moet hê en dat hulle die meeste aandag en beste versorging verdien.

Soos reeds genoem is die kind wat Jesus hier as voorbeeld gebruik, onder 12 jaar oud. Maar Jesus praat waarskynlik ook van grootmense wat nog kinders in geloof is.

By die Here tel aardse goed soos jou geleerdheid of jou ervaring of jare diens nie die meeste nie. Jesus beklemtoon dat kinders die belangrikste in die koninkryk van die hemel is, want hulle is nederig en totaal afhanklikheid.

Soos kinders moet ons kleiner groei in geloof. Ons geloof moet nie kleiner raak nie, óns moet kleiner raak. Soos kinders totaal van hulle ouers afhanklik is, so moet ons ook in nederigheid, geheel en al kinderlik afhanklik van God se verlossing en genade leef. Wanneer jy so alles van God verwag, is jy die belangrikste in die koninkryk van die hemel.

Kinderagtige mense wil altyd die belangrikste wees. Vanuit totale afhanklikheid van die Here is ander mense vir kinderlike mense belangriker as hulself. Dit word sigbaar daarin dat ons nie ander tot ‘n val bring nie, uitreik na dié wat wegraak en erns maak met sonde in die gemeente.

**Wanneer ons nederig en kinderlik afhanklik van die Here leef, sal ons nie ander tot ‘n val bring nie.**

Ons is nie seker wat sommige gemeentelede gedoen het om kleines se geloof te knou nie. Dit het waarskynlik met liefdeloosheid te doen. Dalk het hulle te veel van hulself gedink en ander onwelkom of minderwaardig laat voel of hul selfs verlei tot sonde. Jesus sal mense wat hierdie goed doen, ernstig oordeel.

Enige iemand wat geestelike groei belemmer, moet uit die kerk verwyder word. Ons as gemeente moet dié lidmate, die hand wat aanhou sonde doen, die voet wat op die

verkeerde weg bly gaan en die oog wat verkeerd bly kyk, wat die kleines van die gemeente afvallig maak tot orde roep en as dit nodig is, van die gemeente afsny. Dis is beter vir 'n gemeente om sonder 'n paar lidmate klaar te kom, as dat kleines in die gemeente se geloof skade lei as gevolg van die sondige en liefdelose optrede van enkeles.

**Wanneer ons nederig en in kinderlike afhanklikheid van die Here leef, sal ons die wat afdwaal gaan haal.**
Wanneer ons as gemeente, met ‘n traak-my-nie agtige houding, geen moeite doen om hulle wat wegraak het terug te wen nie, is ons op die verkeerde pad.
Wanneer dit gebeur dat 'n gemeente so selfvoldaan en hoogmoedig, so kinderagtig raak dat daar geen uitreik is na hulle wat afgedwaal het nie, sal ons nie in die koninkryk van die hemel ingaan nie.

Die Here los al die skape om één wat weggeraak het, terug te kry. Ons moet Sy voorbeeld volg. Ons moet hulle wat weggeraak het gaan soek en terugbring. Die blydskap is groot wanneer een verlore skaap teruggevind word.

**Wanneer ons nederig en in kinderlike afhanklikheid van die Here leef, sal jy nie vuiswys en die wat verkeerd teenoor jou opgetree het, wil terugkry nie. Jy sal gaan praat met die een wat in sonde verkeerd teen jou opgetree het.**

Die woord waarmee die afgedwaalde sondaar beskryf word, is broer of suster. Die een wat sondig word nie 'n buitestander nie. Hul bly deel van die geloofsgesin.

My en jou liefdesuitreik, biddend gedoen, kring uit indien nodig.
Ons was nie vuil wasgoed in die openbaar nie. Jy begin deur te gaan praat waar jy en die een wat verkeerd opgetree het, alleen is.
Eers wanneer daar hardkoppigheid by die persoon is, word ander gelowiges by die gesprek betrek. As dit nie vrug oplewer nie, kom die gemeente by. Sou die persoon steeds nie luister nie, word hy of sy soos ‘n heiden en tollenaar behandel.

Dit word nie gedoen om van iemand ontslae te raak nie, maar sodat die sondaar onder die indruk van die erns van sy sonde kan kom. So persoon word steeds in liefde bedien om teruggewen te word vir die Here.

Hierdie hele proses is maar net weer 'n manier om in die opsoekende liefde van die Here die weggeraakte skaap te gaan haal.

**Afsluiting**
Vir kinderagtige mense gaan dit net om hulself, hulle belange en behoeftes. Hulle sê: “Ander se worsteling het niks met my te doen nie. Solank ek net reg is, dan is alles reg.”

Wanneer ons in kinderlike afhanklikheid van Here leef, gaan dit oor God en ander mense. Ons los niemand agter nie. Ons bring nie ander tot ‘n val nie. Ons lei mense na Jesus en versterk hulle in geloof. Ons reik uit na dié wat wegraak. En ons gaan biddend praat met ‘n broer of ‘n suster wat in sonde volhard.
Amen